Roelie van Rooyen

Gebore: 17 April 1951

Oorlede: 6 Augustus 2009

In Liefdevolle Herinnering

aan

Roelof Petrus van Rooyen

***Gebore** : 17 April 1951* ***Oorlede** : 6 Augustus 2009*

Die diens word waargeneem deur
ds. Rikus van Zyl en ds. Servaas de Kock
vanuit die Nederduits Gereformeerde Kerk Fichardtkruin
op Maandag 10 Augustus 2009 om 10:30

Afskeidsbrief

Roelie, vir ons was jy 'n vriend en pa duisend. In wie daar altyd goed was, 'n innige vriend wat dag en nag bereid was om te help en te deel.

Jy is nog skaars weg en ons mis jou klaar so onsettend baie. Ons mis die kuiertjies, die grappies en gelag om die braaivleis vuur, wie sal ooit kan vergeet.... Roelie, ons harte is leeg sonder jou, ons lewens sal nooit weer dieselfde wees nie. Geen woorde kan ons waardering van jou vriendskap beskryf nie. Ons was so geseënd om jou as pa, broer, seun en vriend te kon hê.

Baie dankie Here vir al die jare wat U hom aan ons as pa, seun, broer en vriend geleen het. Ons berus by U wil, omdat ons weet hy is by U en sonder pyn en lyding.

Jou heengaan is vir ons 'n groot verlies, maar ons hou vas aan God se belofte dat ons eendag weer saam verenig sal word. Ons is baie lief vir jou.

Vandag neem ons afskeid van ons beste vriend, maar jou plek in ons harte sal ons altyd bewaar. Ons koester elke herinnering en sal jou nooit vergeet nie.

Tot weersiens.